

LES 8: YAHWEH SE FEES DAE, HOË DAE EN SABBATTE (MO'EDIM EN CHAGIM) DIE PASGA EN DIE FEES VAN ONGESUURDE BRODE

Vrae ter nadenking

- Hoekom moet gelowiges Yahweh se ingestelde, heilige dae waarneem?
- Hoekom het Yahweh die weeklikse Sabbat en later die sewe, jaarlikse Sabbatte ingestel?
- Wat versinnebeeld die heilige dae?
- Was die Heilige dae vir die eertydse Israeliete alleenlik of is dit ook van toepassing op die Nuwe Testamentiese gemeente van Yahweh?

Die Heilige dae, deur Yahweh ingestel, versinnebeeld Yahweh se Meester plan vir die mensdom. Yah Yahweh se seun, Yahshua Yahweh die Messias, speel die sentrale rol in die Vader se plan vir die mens. Yahweh se plan word uitgebeeld in die sewe, jaarlikse feeste / heilige vierdae. Dit skets, stap-vir-stap, hoe Yahweh te werk gaan en elke heilige vierdag verteenwoordig 'n groot gebeurtenis in Yahweh se plan.

Die onthulling van Yahweh se jaarlikse feeste het eers begin na die vrylating van die Israeliete vanuit Egipte. Net soos die Sabbat ingestel was vir die mens na die skepping van die man is die sewe jaarlikse feeste, elk met hul Heilige dae (Sabbatte) geskep toe Hy die gemeente vir die Israeliete gestig het in die wildernis. Yahweh het by Sinai 'n verbond met Israel gesluit, maar hulle het die belofte om die Heilige Gees te ontvang verwerp, daarom kon hulle nie die betekenis van die jaarlikse feeste verstaan nie.

Ten spyte van die Israeliete se kortstondige kennis het Yahweh die Heilige Dae ingestel om **vir ewig behoue te bly**, en daarom het die Messias die Heilige Dae waargeneem, asook die gemeente deur Yahshua gestig in 30 A.D. Dit is ook die rede hoekom die gemeente van Yahweh die Heilige vierdae vandag nog getrou waarneem. Net soos die weeklikse Sabbat 'n teken is tussen Yahweh en Sy volgelinge, net so is die jaarlikse Heilige vierdae 'n teken.

Eks 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik My sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek Yahweh is wat julle heilig.

*Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die **feestye van Yahweh** wat julle moet uitroep as heilige samekomste, dit is My **feestye**.*

*Lev 23:4 Dit is die **feestye van Yahweh**, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.*

*Lev 23:37 Dit is die **feestye van Yahweh** wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan Yahweh 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe;*

Lev 23:38 behalwe die sabbatte van Yahweh en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan Yahweh gee.

Vanuit die teksverse is dit duidelik dat die feeste deel vorm van Yahweh se wet en dat dit nie verval het toe die Sinai verbond ten einde gekom het met die opoffering van die Messias nie.

Yahweh se wonderlike plan word jaarliks deur Sy Nuweverbondsgelowige kinders gerepeteer deur die waarneming van Sy Heilige vierdae. Dit is 'n herinnering van Yahweh se plan en die rol wat ons daarin vertolk. *Levitikus 23:2* stel dit duidelik dat ons “*heilige samekomste*” moet waarneem. Met die waarneming van Yahweh se Heilige Dae repeteer ons vir die wederkoms van Yahshua sodat ons 'trouklere' skoon en gereed sal wees wanneer ons Hom sien.

Yahweh se Spirituele Insameling

In die eertydse sowel as moderne Israel is daar 'n klein lente oes van graan, gevolg deur 'n groter, laat somer vroeë herfs oes. Hierdie jaarlikse landbou oeste is simbolies van Yahweh se spirituele oes van die mensdom. Die Messias en die apostels het deur hul leerstellings geïllustreer dat Yahweh die lente oes simbolies gebruik as 'n spirituele insameling van “*eersteling*” voor die Messias se wederkoms, met ander woorde, die oes van eersteling word die “*eersteling*” oes genoem en is 'n relatiewe klein begin van Yahweh se spirituele insameling van mense in Sy familie.

Jakobus 1:18 Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eersteling van sy skepsele kan wees.

Levitikus 23 gee 'n opsomming van die jaarlikse feeste. Die eerste drie feeste, wat begin met Pasga, is ter nagedagtenis van die eerste deel van Yahweh se Meester Plan en handel oor die roeping van die eersteling deur die werke van Messias. Die laaste vier feeste van die groter herfs oes versinnebeeld die toekomstige roeping (na die wederkoms van Yahshua) van duisende, miljoene mense as familieledede in Sy Koninkryk.

Die Heilige dae het deur die eeue heen behoue gebly deur Yahweh se gemeente.

Die volgende twee lesse fokus op die simboliese betekenis van die Heilige dae en bespreek hoe relevant dit vandag is vir ware gelowiges. Die doel vir die leser is om te verstaan hoe geweldig belangrik **Yahweh se feeste** in ons lewens is.

8.1 Yahweh beveel dat die jaarlikse feeste, sowel as die weeklikse Sabbat waargeneem moet word.

*Lev 23:37 Dit is **die feestye van Yahweh** wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan Yahweh 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe;*

Lev 23:38 behalwe die sabbatte van Yahweh en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan Yahweh gee.

Let wel, dit word nie “feeste van die Jode” of “feeste van Moses” genoem nie. Dit word die feeste van Yahweh genoem. Yahweh het dit vir Sy volk ingestel om jaarliks waar te neem. Dit staan ook nie apart van die Sabbatdag nie en is 'n bevel om jaarliks waargeneem te word net soos die Sabbatdag weekliks waargeneem word. Daar is baie mense wat die Sabbatdag waarneem maar verkeerdelik glo dat hulle nie die ander Heilige dae hoef waar te neem nie. *Levitikus 23: 37 en 38* wys duidelik dat hulle 'n fout begaan in hul denkwysse en dat die sewe Heilige Dae, sowel as die weeklikse Sabbatdag geheilig moet word.

8.2 Yahweh se jaarlikse feeste

Lev 23:1 Verder het Yahweh met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van Yahweh wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van Yahweh in al julle woonplekke.

Lev 23:4 Dit is die feestye van Yahweh, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

8.2.1 Die Pasga

Meeste Bybel kommentators en skoliere stem saam dat daar baie verwysings in die Nuwe Testament is van Yahweh se feeste en dat dit aandui dat die eertydse gemeente wel die feeste waargeneem het. Almal het daarvan geweet en dit aanvaar. Dit is belangrik om te weet dat die Messias en die gemeente van Yahweh ter gewoonte die jaarlikse feeste waargeneem het.

“In the early Messianic Congregation celebrating the festivals together with the whole of the Jewish people was never questioned, so that it needed no special mention.” (The New International Dictionary of New Testament Theology. Vol. 1, p.628)

Wanneer die Nuwe Testament bestudeer word, word dit duidelik dat die jaarlikse feeste 'n nuwe betekenis aanneem in die gemeente van Yahweh. Yahweh se leerstellings en voorbeeldige lewe laat ons opnuut verstaan wat die heilige dae beteken en hoe dit waargeneem moet word.

Die volgende stelling kom uit die Encyclopedia Britannica vol. 8, p.828, 11th edition:

“The sanctity of special times [such as Easter and Christmas] was an idea absent from the minds of first Believers...[who] continued to observe Jewish festivals [of Leviticus 23], though in a new spirit, as commemorations of events which those festivals had foreshadowed.”

8.2.2 Die Pasga is die eerste fees wat jaarliks herdenk word.

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van Yahweh;

Die instelling van die eerste Pasga. Eksodus 12:1-14, 21-27

Die Pasga is die eerste fees deur Yahweh ingestel om jaarliks herdenk te word en illustreer die eerste stap in Yahweh se groot Meesterlike Plan van verlossing vir die mensdom. Die Pasga was 'n jaarlikse herinnering van Yahweh se ingryping in Egipte ter bevryding van die Israeliete se eersgeborenes van die dood en is terselfdertyd ook simbolies van die groot opoffering van Yahshua die Messias, “ons Pasgalam” vir die sondes van die mens (1 Kor 5:7, 1 Pet 1:18-19).

Die bloed van die lam aan die deurkosyn, ten tyde van die heel eerste Pasga, het as teken gedien vir die doodsengel om daardie huis verby te gaan, sodoende was die eersgeborenes van daardie huis gespaar. Dit dien as simboliek vir ons vandag omdat ons vrygekoop was van “die loon van die sonde” deur Messias se lewensoffer.

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van Yahweh is die ewige lewe in Yahshua Messias, onse Meester.

Na Yahshua se dood word die Pasga met nuwe simbole van wyn en ongesuurde brood gevier en het 'n jaarlikse herdenking geword van Sy offer en ons verbondsverhouding wat begin by die doop. Yahshua het die realiteit geword van dit wat die Pasgalam voorgestel het.

8.2.3 Yahweh beveel, nog voor Sinai, dat die Pasga vir ewig 'n gedenkdag moet wees.

Eks 12:14 En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van Yahweh vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

Eks 12:24 Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.

8.2.4 Yahshua het die Pasga waargeneem

Joh 2:13 En die Pasga van die Jode was naby, en Yahshua het opgegaan na Jerusalem.

Joh 2:23 En toe Hy in Jerusalem was op die Pasga gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen.

Al die Heilige dae wys na die verlossings werk wat die Messias gedoen het ter verlossing van ons sondes. Was Hy werklik die Pasga lam?

*1 Kor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuurd is - want ook **ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Messias.***

8.2.5 Die nuwe bevel deur Yahshua gegee rakende die waarneming van die Pasga

Joh 13:1 En voor die fees van die Pasga het Yahshua, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.

Joh 13:2 En gedurende die maaltyd - die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai -

Joh 13:3 het Yahshua, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van Elohim uitgegaan het en na Elohim heengaan,

Joh 13:4 van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak.

Joh 13:5 Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.

Joh 13:14 As Ek dan, Die Meester en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was.

Joh 13:15 Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.

8.2.6 Kortliks voor die dood van Yahshua het Hy 'n nuwe manier ingestel om die Pasga waar te neem

Luk 22:19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.

Luk 22:20 Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.

8.2.7 Die dissipels moes heengaan en dit vir die res van die wêreld leer

Matt 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Matt 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Hier is dit duidelik dat Yahshua NIE gesê het dat die Pasga nooit weer herdenk moet word NIE, maar dat Hy slegs die simbole verander het. In plaas daarvan om jaarliks die bloed van 'n lam te giet en die brand geroosterde vleis te eet, eet ons die ongesuurde brood en drink ons die wyn. Die Nuwe Testamentiese Pasga is 'n bevel om jaarliks waargeneem te word as herdenking aan die lyding en dood van Messias. Die ewige lewe word aan ons geskenk deur Sy vlees te eet en Sy bloed te drink, gesimboliseer deur die deelname in die eet en drink van die ongesuurde brood en wyn (*Johannes 6:32, 33, 35, 50, 51, 53-58*). Die Pasga herbevestig jaarliks dat die Messias weer kom (“...totdat Hy kom.”)

1 Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van Yahweh totdat Hy kom.

Die simbole van die Pasga is nie vir daaglikse, weeklikse of kwartaallikse gebruik nie, maar vir die jaarlikse herdenking van Yahshua, die Seun van Yahweh se offer.

Eks 13:10 Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar.

364 Dae van die jaar verkondig ons die lewende Yahshua Ha Mashiach. Mense moet Yahshua deur ons leefwyse herken, sodoende sal ons daagliks 'n lewende offer vir Hom wees (*Rom 12:1,2*). Maar, een dag per jaar, op die 14de van die Eerste maand, Aviv (gewoonlik April) volgens Yahweh se kalender, herdenk ons 'n sterwende Messias ter nagedagtenis van die offer wat Hy gemaak het sodat ons sondes vergewe mag word.

Die geloof van 'n volgeling van Yahshua word vertolk in die bloed van die Messias, ons Paaslam (*1 Kor 5:7*) vir die vergifnis van sonde, gesimboliseer deur die drink van die wyn. Die eet van die gebroke, ongesuurde brood simboliseer die geloof in die liggaam van Messias wat brutaal geslaan en gezesel was deur die Romeine. Deur die inname van die simbole demonstreer dit ons totale toewyding aan Yahweh en Sy voorgeskrewe leefstyl vir ons, asook ons bereidwilligheid om deel te hê aan die Messias se leiding deur te lei as 'n dissipel vir geregtigheid (*Rom 8:17; 1 Pet 2:19-25*).

Die Messias het die marteling verduur en Sy lewe prys gegee sodat ons deur die geloof in Sy gebroke liggaam en bloed van ons sondes vergewe mag word, sodat Hy in ons lewe en ons

in Hom (*Heb 10:19-20; Joh 6:53-58*). Let wel, die gemeente wat deut Yahshua opgebou was het die Pasga en Fees van Ongesuurde brood waargeneem, NIE PAASFEES NIE. Die woord “paasfees” in *Handelinge 12:4* in die King James weergawe is 'n verkeerde vertaling van die Griekse woord “pascha” Dit moet lees “Pasga” soos wat dit in alle moderne vertalings voorkom.

8.2.8 Die Pasga sal weer deur die Messias waargeneem word wanneer Hy die Koninkryk van Yahweh op aarde vestig

Matt 26:29 Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader.

Luk 22:15 En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly.

Luk 22:16 Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van Yahweh vervul is nie.

Intussen moet ons die Pasga hou as 'n jaarlikse herdenking aan die Messias se leiding en dood.

1 Kor 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.

1 Kor 11:25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

Yahshua het Sy dissipels beveel om die Pasga ter ere van Sy nagedagtenis waar te neem tot Sy wederkoms. Die dissipels het dit heilig gehou en daarom is daar tot vandag toe nog gemeentelede van Yahweh wat die Pasga waarneem. Indien 'n gedoopte, verbondsgelowige nie deelneem aan die jaarlikse simbole van die Pasga nie, sal hul afgesny word van die verbondsverhouding.

Num 9:13 Maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pasga te hou, dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word; want hy het die offer van Yahweh nie op die bepaalde tyd gebring nie. Dié man moet sy sonde dra.

8.3 Die Fees van Ongesuurde brood

Die Fees van Ongesuurde brood is die tweede fees, dus tweede stap in Yahweh se Meesterlike plan vir die verlossing van die mensdom. Die Messias, “ons Pasga” (*1 Kor 5:7*) het vir ons sondes gesterf. Dit moet ons aanvaar, ons sondes bely en daarna aanvaar dat dit vergewe is en streef om sonde heeltemal uit ons lewe uit te skei.

Op 18:4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.

Ons moet van uit die wêreldse tradisies en maniere weg beweeg, net soos Israel uit Egipte, 'n tipering van sonde, weg beweeg het (*Heb 11:25-26*). Ons deel in Yahweh se Meester plan is om te streef om sonde uit ons lewe te skei. Die tweede, jaarlikse fees help ons hiermee. Deur

die waarneming van die week van ongesuurde brood help dit ons om willens en wetens te streef om nie terug te keer na die sonde waarvoor Yahshua alreeds deur Sy bloed betaal het nie.

8.3.1 Yahweh het direk na die Pasga die Israeliete beveel om die Fees van ongesuurde brood waar te neem.

Eks 12:17 Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.

Eks 12:18 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, in die aand.

Eks 12:19 Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg in julle huise gevind word nie. Want elkeen wat iets eet met suurdeeg in, dié siel moet uit die vergadering van Israel uitgeroei word, of hy al 'n vreemdeling is of 'n kind van die land.

Eks 12:20 Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode eet.

Eks 12:24 Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.

Let wel, die Fees van ongesuurde brood was deur Yahweh ingestel voor die Israeliete die Berg van Sinai bereik het, selfs nog voordat hulle uit Egipte weggetrek het. Dit was deur hul nageslagte waargeneem as 'n ewige instelling.

Die Fees van ongesuurde brood begin op die 15de Aviv, die dag na die Pasga, en duur vir sewe dae tot die 21ste Aviv. Die 15de en die 21ste is spesiale, jaarlikse Sabbatte, heilige samekomste, dae van rus en lofprysing aan Yahweh. Suurdeeg, in die geval, is bestanddele soos gis, bakpoeier en koeksoda wat deeg sal laat rys deur die vorming van koolstofdioksied in die beslag.

8.3.2 Is suurdeeg 'n simbool van sonde?

Matt 16:6 Daarop sê Yahshua vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.

1 Kor 5:8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

In die Bybel word suurdeeg 'n hele paar keer gebruik as 'n tipe sonde. Suurdeeg laat 'n beslag opblaas of rys en net so die sonde. Ongesuurde brood is 'n plat brood wat geen suurdeeg bevat nie, daarom stel dit die afwesigheid van sonde voor. Sewe is Yahweh se spesiale nommer wat volmaaktheid beteken. Die sewe dae van die Fees van ongesuurde brood herinner ons daaraan dat Yahweh van ons verwag om sonde uit ons lewe uit te skei.

8.3.3 Yahweh beveel ons spesifiek om ongesuurde brood tydens die fees te eet.

Eks 12:15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word.

Die Israeliete het nie net suurdeeg en kosse wat suurdeeg bevat uit hul huise verwyder nie, maar ook ongesuurde brood geëet tydens die Fees. Die eet van ongesuurde brood simboliseer die teenoorgestelde van sonde, namens aktiewe gehoorsaamheid aan Yahweh.

Eerstens neem ons die simbole van die Pasga op die aand gedeelte van die 14de Aviv, dan eers na sonsopkoms op die daglig gedeelte van die 14de word die suurdeeg uit die huis verwyder. Dit simboliseer dat ons eers die simbole moet neem van die liggaam en bloed van die Messias omdat ons nie deur ons eie krag sonde uit ons lewens kan verwyder nie. Deur die belydenis van sonde en die doop, verwyder die Messias se offer alle vorige sondes vanuit ons lewe.

Paulus sê dat ons “stellig nie” moet voortgaan met sonde nie.

Rom 6:15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!

Rom 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

Die bevel aan dissipels was soos volg:

Rom 6:11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir Yahweh in Yahshua die Messias, ons Yahweh.

Rom 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.

Rom 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van Yahweh as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van Yahweh.

Elkeen van ons sou die doodstraf ontvang het as gevolg van ons sondes, maar die Messias het Sy lewe vir ons gegee en daardeur die losprys vir ons betaal (*Rom 6:23*). Na belydenis en doop verwag Yahweh dat ons sal streef om Sy wet te gehoorsaam en ons van sonde los te maak. Yahweh wil nie hê dat ons in sonde moet voortleef nie want die Messias is nie die Gesant van sonde nie (*Gal 2:17*).

Paulus het die volgende gesê: “Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (*1 Kor 5:8*). In Grieks is dit deur Paulus in die bevel vorm geskryf.

1 Kor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuurd is - want ook ons paaslam (Pasga lam) is vir ons geslag, naamlik Messias.

Dit duidelik dat die gemeente van Yahweh in Korinte die Fees van ongesuurde brood waargeneem het, “soos julle inderdaad ongesuurd is”. Die apostel Paulus het aan die gemeentelede in Korinte verduidelik dat hulle die spirituele suurdeeg uit hul lewens moet haal net soos hulle die fisiese suurdeeg uit hul huise neem vir die fees. Hulle moes dus nie net die fees vier met ongesuurde brood nie, maar ook 'n houding van opregtheid en eerlikheid.

Yahweh wil hê dat gelowiges die sonde van die wêreld moet los, daarom moet ons voortdoring alles in ons vermoëns doen om sonde uit ons lewe te verwyder soos wat dit opduik.

Heb 12:1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,

Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

Indien ons lede van Yahweh se familie wil wees moet ons bewys dat ons Hom hier en nou gehoorsaam deur die strewe om die spirituele suurdeeg uit ons lewens te verwyder en uit te hou. Elke keer as ons die Fees van Ongesuurde Brood waarneem herinner dit ons, as nuweverbondsgelowiges, dat ons Yahweh se wette moet gehoorsaam. Dit is 'n tyd vir simboliese vernuwning en om in harmonie te leef met Yahweh se wet, asook om jou lewe opnuut toe te wy aan 'n spirituele groeiproses en die oorwinning van sonde.

8.3.4 Die Joodse Pasga en Nisan 14

Daar is mense wat die Pasga op die 15de Aviv waarneem volgens die tradisie van die moderne, Rabiniese Jode, in plaas daarvan om dit waar te neem volgens die Bybelse mandaat wat begin op die 14de Aviv.

Let wel, 'n Bybelse dag begin sonder en eindig met sonder, met ander woorde, begin met die donker helfte en sluit af na die ligte helfte (*Lev 23:32, Gen 1:5, 8, 13*).

Met dit in gedagte, behoort die leser te verstaan dat Yahweh die Israeliete beveel het om die paaslam dood te maak en te eet op die 14de dag van Aviv (*Eksodus 12*). Hy het nie gesê dat hulle die lam in die middag moet slag, op die vuur moet rooster en met die sonsondergang eet wat dus die begin van die 15de sou wees nie – na die Pasga dag beëindig het.

Yahweh se bevel:

*Lev 23:5 In die eerste maand, op die **veertiende van die maand, teen die aand**, is die Pasga van Yahweh;*

*Lev 23:6 en op die **vyftiende dag van hierdie maand** is die fees van die ongesuurde brode van Yahweh; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.*

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat die Pasga op die 14de dag is en nie na die 14de nie. Die Jode het deur die eeue heen die eet van die lam dieselfde fees gemaak as die fees van die ongesuurde brood, maar hoe kan dit die fees van “ongesuurde brood” wees as dit die fees van die “lam” is? Die Jode verwar die twee feeste en maak asof dit een fees is.

Dit is duidelik van Yahshua se voorbeeld van die “laaste Avondmaal” dat die oorspronklike en aanbevole tyd om die lam te slag vroeg aan die begin van die 14de was, soos wat *Eksodus 12:6* dit stel, “*teen die aand*” - tussen sonsondergang en donker.

8.3.5 Yahshua het die Pasga met Sy dissipels gehou, vroeg die 14de

Luk 22:7 En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die Pasga geslag moes word.

Luk 22:8 Toe stuur Hy Petrus en Johannes en sê: Gaan berei die Pasga vir ons, dat ons dit kan eet.

Luk 22:9 En hulle sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons dit berei?

Luk 22:10 En Hy antwoord hulle: Kyk, as julle in die stad ingaan, sal 'n man julle ontmoet wat 'n kruik water dra; volg hom na die huis waar hy ingaan.

Luk 22:11 En julle moet vir die eienaar van die huis sê: Die Meester vra u—waar is die kamer waar Ek die Pasga met my dissipels kan eet?

Luk 22:12 En hy sal julle 'n groot bovertrek wys wat reggemaak is; daar moet julle dit berei.

Luk 22:13 En hulle het gegaan en dit gevind soos Hy vir hulle gesê het, en die Pasga berei.

Luk 22:14 En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom.

Luk 22:15 En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly.

Vanuit die bogenoemde Skrif is dit duidelik dat die paaslam op die 14de doodgemaak word. Daar is twaalf ander verwysings wat dit ook die Pasga noem. Hoekom probeer die mens so hard om Yahweh te probeer uitoorlê deur die Pasga na die 15de te verander, soos die Joodse Rabbi's dit verkeerdelik doen? Moet ons die Rabbi's volg of die Skrif? Op die 14de Aviv was die Pasga maal met die geslagte lam en dan laat op die 14de, wat oorgaan in die 15de dag was Die Nag van Yahweh om plegtig onderhou te word.

Eks 12:42 Dit is 'n nag om plegtig onderhou te word tot eer van Yahweh, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Dit is dié nag van Yahweh om plegtig onderhou te word by al die kinders van Israel in hulle geslagte.

Die nag om plegtig te onderhou was na die Pasga, nadat die Israeliete Egipte verlaat het. Die Israeliete was beveel om nie hul huise te verlaat tot die volgende oggend nie (*Eks 12:22*). Die nag van die Pasga was ook 'n aand van sterfte en rou, nie 'n aand van feesviering nie. Die feesviering het eers die volgende aand plaasgevind toe almal by Raamses vergader het (8 myl van Goshen waar hulle gebly het) ten tyde van die sonsondergang van die 14de en die begin van 'n nuwe dag op die 15de Aviv. Dit was 'n aand van feesviering toe die Israeliete Egipte reeds verlaat het. Die Jode het die 2 gebeure (slag van die Pasgalam / nag om plegtig te onderhou) in een fees saamgesmelt wat op die 15de begin. Duidelik is die mensgemaakte verandering teen Yahweh se woord.

Die maaltyd waarvan daar gepraat word in Johannes wat die Jode bang was dat hulle nie kon eet indien hulle in die "Praetorium", goewerneur se huis ingegaan het, was nie die ete van die Pasgalam nie maar wat hulle noem die 2de Haggidah, die nag om plegtig te onderhou. Indien dit die Pasgalam maaltyd was sou hulle slegs onrein wees tot daardie aand, weens hul toetrede tot die Praetorium, en sou hulle die Pasgalam maaltyd wel kon eet na die sonsondergang.

Yahshua het die Pasga met Sy dissipels gehou, vroeg op die 14de Aviv volgens Skrif (sonder) en was aan die boom gespyker op die daglig gedeelte van die 14de Aviv, daarna begrawe voor sonder wanneer die volgende dag begin, die 15de Aviv wat 'n Heilige dag is.

Joh 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was - want die dag van daardie sabbat was groot - het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.

Yahshua was nie op die Vrydag “gekruisig” soos menigte mense aanneem nie, maar op die dag van voorbereiding vir die Heilige Dag van Ongesuurde Brood. Hou in gedagte dat die woord “Sabbat” gebruiklik verwys na die Heilige dae as sogenaamde Sabbatte.

Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van Yahweh; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle ‘n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Yahshua, die Elohim van die Ou Testament, het vooraf geweet dat Hy die simbole van die Pasga na die brood en wyn sou verander. Net so het Hy geweet op watter dag en uur dit moes gebeur.

Yahweh het aan die Israeliete opdrag gegee om die lam in die aand te slag, die bloed aan die deurkosyn te smeer, die vleis op die vuur te rooster, dit te eet en binnenshuis te bly tot sonsopkoms (*Eks 12:6-8, 22*). Hoekom? Omdat die eersgeborenes in die huise wat nie met bloed gemerk was nie daardie aand om middernag sou sterf. Yahshua Yahweh het daardie donker middernag van die 14de die huise verby gegaan. Vandaar die engelse naam “Passover” (*Eks 12:12, 23, 29*).

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van Yahweh;

Indien die doodsengel (wat Yahweh verteenwoordig) middernag van die 15de oor Egipte beweeg het, sou die Pasga op die 15 en nie die 14de wees nie. Daar kan verwarring wees omdat 'n dag twee donker gedeeltes het, aan die begin (sonder) en aan die einde (sonder), maar daar is slegs een middernag-uur in 'n 24 uur dag. Daarom is dit vanuit die Skrif 'n bewys dat die doodsengel om middernag oor Egipte verby gegaan het, die 14de.

Die simboliek van die Pasga is gevolglik dat ons lewens, net soos die begin gedeelte van die 14de, donker is met sonde. Dit wys ook dat ons lewens versinnebeeld word met 'n middernagtlike donkerheid sonder die gees van Yahweh, maar dat die Heilige Gees net sal kom deur die bloed van Yahshua aan die kosyn van ons harte.

Alleenlik na die aanvaarding van die bloed van die Seun van Yahweh vir die vergifnis van sonde kan die oggendlik van die volgende dag skyn en fees gevier word van die lewe met die vergifnis van sonde. Indien die Israeliete die Pasgalam geslag en geëet het soos die Jode dit deesdae doen, sou hul eersgeborenes nie gespaar geword het nie, en net so sou ons sondes nie vergewe wees nie.

Kortlikse samevatting:

- 1) Yahshua is die ware Pasgalam.
- 2) Die Pasga is 'n jaarlikse herdenking aan ons verbondsverhouding na die indompeling (doop).
- 3) Die Pasga moet deur verbondsgelowiges gehou word anders sal hulle afgesny word van die verbond met Yahweh.
- 4) Die simbole van die Pasga word jaarliks op die 14de Aviv geneem en daarna, gedurende die daglig gedeelte word die suurdeeg (sonde) uit die huis verwyder.

Luister ook na die boodskappe op die webwerf wat handel oor die Pasga.